# Loergaatjie op ons Lewens

Im Nustenbacher Grund 8, 74821 Mosbach, Duitsland – Tel +49 6261 6741700 - Email:mengessandra@gmail.com

9 April 2013

Liefste Julle!

Dis kuier-tyd! Ek het 'n heerlike koppie tee voor my en baie nuus.

Eers wil ek julle vertel van die toergroep wat ek in Februarie na ons mooi land gebring het. Dit was 'n ongelooflike ervaring waarvoor ek baie dankbaar is! Stel jou voor: 12 mense land in Kaapstad. Hulle het mekaar nog nooit gesien nie en is oppad om 2 weke lank intensief saam vakansie te hou. Ek staan aan die ander kant en wag en ek wonder: hoe gaan dit wees? In die groep was 2 dokters (getroud en met sendingervaring), hul seun (wat vir 'n jaarprojek in Johannesburg met AIDS kinders werk), 'n jong man wat rekenaarprogramme skryf, 'n dame wat verantwoordelik is vir die restourasie van al die konsertklaviere in Vienna, die stadsbeplanner van Stuttgart en sy vrou (lewe lank ma en huisvrou), 'n afgetrede toetsbeampte vir Bosch-masjiene en sy klavieronderwyseres-vrou, en 'n man wat by Siemens firmaopleiding doen en sy vrou (wat werklose mense help om werk te kry)… en ek. As mens so by die lughawe staan, weet mens net een ding: dit gaan interessant wees. Ek wou-wou die dag benoud raak. Sê nou maar…, wat as… spring 'n duisend keer in my kop op. Maar elke keer herinner God my daaraan: hierdie toer is nie jou verantwoordelikheid nie. Dit is Myne. Wees net gehoorsaam. En ek kon ontspan. Lekker om nie verantwoordelik te wees nie!

En God was getrou op 'n duisend maniere. Ons was baie bewus van Sy Hand oor ons op die paaie oor 2 500km. Ons het 'n paar noue ontkominge gehad, maar nie 'n skrapie op die gehuurde motors nie. Die weer was altyd net reg vir elke situasie – net een keer het 'n skrik-vir-niks reënbui ons help besef hoeveel genade ons met die weer gehad het. Selfs op die dae wat dit te warm was, kon ons dit goed hanteer. En die dag by die wildtuin was daar 'n genadige lagie wolke en 'n koel luggie wat die diere uitgelok het sodat ons hulle kon sien. Niemand het siek geword nie. En g'n skelm het my gevolg wanneer ek daagliks letterlik derduisende rande by outomatiese tellers getrek het nie. Niemand het 'n handsak, kamera of beursie verloor nie (net die Kaapse wind het 'n sonhoed gesteel). Dit was of 'n sambreel oor ons gespan was en soos 'n wolk- of vuurkolom met ons beweeg het.

Ook die groep was besonders: Van die eerste dag was mense bereid om mekaar te help en was eenvoudig op mekaar ingestel. Op die vlug het 'n paar hulle om 'n vrou geskaar wat bang was vir so 'n ver reis omdat sy net Duits en Russies kan praat. By die eerste geldomruil geleentheid het een almal se Euro's omgeruil op sy paspoort omdat die ander nie geweet het dat mens een nodig het nie. 'n Vrou met 'n beenstut was altyd bietjie stadiger as die res, maar daar was altyd iemand wat saam met haar gestap het. En die groep was oop: oop vir mekaar en oop om God se werk in hulle lewens te ervaar. Ek glo dit is oor die baie gebede wat vir hulle opgegaan het – want eintlik is Duitsers baie geslote oor dit wat diep binne-in aangaan. Ons het elke tweede dag by iemand persoonlik gekuier – iemand wat ons meer uit hulle lewe en hulle ervaring van God vertel het. Die gesprekke was oop en eerlik en inspirerend – en het bygedra tot die oop, eerlike gesprekke in die groep.

Sondagoggend het ons twee verskillende kerke besoek. By Tafelberg, in die tou om bo te kom, het ons die twee preke oorvertel en vergelyk. Een vrou het na die erediens gesê (op dag 3) dat die hele reis al klaar die moeite werd was oor dit wat die Here binne die eerste drie dae in haar lewe gedoen het. Een van ons temas was leuens en waarheid. Watter leuens ons glo en hoe die leuens ons bind, maar dat waarheid ons vrymaak. Die tema het omtrent daagliks in ons gesprekke opgekom. Die lekkerste was die kere wat ons in die verkeer vasgesit het of lang afstande gery het. In die tye wat ons vasgekeer was in die voertuie, het ons ongelooflike diepte – en baie sports - in ons gesprekke gehad. Nog 'n tema was die hele begrip wat herhaaldelik in die Bybel voorkom – dat God wil hê dat ons fees vier tot eer van Sy Naam. Nog so 'n tema was oor die verbinding tussen liggaam, siel en gees en hoe dit wat ons ons gees voed, die res van ons beïnvloed. Ook gehoorsaam wees aan God en wat dit prakties beteken, was nog so 'n gesprekstema wat altyd weer kop uitgesteek het. En ons kon saam bid. Vir mekaar, vir die mense wat ons ontmoet het en vir die dinge wat ons ontdek het. En ons kon sing – die saamsing by Brenton tydens 'n sonsondergang op die duin, sal my bybly asook die aand om die kampvuur by die boskamp waar ons gebly het. Daar het ons net so lekker gesing.

En God het gewerk. Die dokter en sy vrou wil nuut oor hulle plek in die wêreld nadink en dan weer hulle werk as opdrag van God sien – of dit in die Duitse hospitaal is of in 'n ander land. Die klavierbouer het gesê noudat sy die Afrikaners se sang gehoor het, verstaan sy vir die eerste keer wat die mens probeer uitdruk in die klank van instrumente. Sy is nuut gemotiveerd om klank, soos God dit gemaak het, te probeer inbou in die klaviere wat sy restoureer. Sy het ook gesê dat sy 'n nuwe dimensie van christen-wees ontdek het wat sy nie besef het bestaan nie. Die lewensdigste vrou in die groep wat altyd borrelend aan die lag was en wat straal, het ons teen die einde vertel dat sy terminaal siek is en dalk nog enkele maande oor het. Sy wil die maande laat tel. Sy wil die werklose mense wat in haar kantoor instap, nie net nuwe hoop rondom werkverskaffing bied nie, maar regtig ook met hulle oor Jesus praat. Al verloor sy dalk haar werk – haar tyd is min. Die klavieronderwyseres het dikwels gehuil. Sy was oorweldig deur dit wat ander vir Jesus doen en het begin vra: hoe gebruik ek my tyd? Ek het twee dae gelede met haar gepraat. Sy is so opgewonde om te sien hoe God haar alreeds nuwe diens-moontlikhede wys waar sy bly.

Een man in die groep het vertel dat hy 20 jaar lank niks met God of die kerk te doene wou gehad het nie. Verlede jaar September is sy dogter na OM SA. Sy het begin nuusbriewe skryf en hy het besef – God bestaan tog. Gedurende die reis was hy een van my twee getroue bestuurders van ons bussies. Dit was vir hom oorweldigend en het hom al sy krag gekos en nog meer. Maar, sê hy, hy het vir die eerste keer God se krag wat in hom werk, gespeur. 'n Eerste keer in sy lewe en hy is baie opgewonde daaroor. 'n Draai in sy geloofslewe het in die jaar gebeur.

Een van die dinge wat die ouens die diepste geraak het, was die Township ervaring. Eers neem ek hulle na Knysna se vriendelike township met die mooi uitsig. Maar die ouens was sommer kwaad vir my – hulle het gesukkel met die armoede en omstandighede. Toe vat ek hulle na 'n erediens in 'n township. Wat 'n wow-ervaring! Hulle was diep geraak deur die openlike liefde wat die mense vir God het. Dit is n REGTE kerk, het hulle weer en weer gesê. En toe vat ek hulle Mamelodi toe. Teen die tyd was die ervaring nie meer so vreemd nie en kon hulle opgewonde allerhande stukkies mooi raaksien: die manier wat 'n ouma voor haar huisie sit en die son geniet, 'n paar kindertjies wat te pragtig aangetrek is, 'n tuintjie wat uitermate aan die kant en aan die blom is… En tog het die hartseer van die AIDS situasie aan hulle gekleef soos die rook-en-pap geur aan mens se klere kleef. (Het julle geweet dat ten minste twee babatjies op Mamelodi se ashope opgetel word – weekliks?)

Daar was ook die kampvuur ervaring by ons boskamp naby Pilanesberg. 'n Heerlike naby-die-natuur ervaring vir ons almal (en het ons nie baie diere gesien nie!!! Alles wat ons harte begeer het!) Die aand sing ons na 'n lekker braai om die vuurtjie. Naderhand begin die ouens so een-een verdwyn. Net vier bly agter – en die wildbewaarder wat die vuur oppas. Soos die aand aanstap, kom hy al meer in die binnekring van die groepie. Een van die mense vertel wat God in haar doen in Duits. Ter wille daarvan dat die man nie uitgesluit voel nie, vertaal ek vir hom. En daar sluit ek 'n deur oop sonder om dit te weet. Die man begin vertel van al sy vrae en sorge rondom geloof. Hy vertel waarom hy twyfel aan God se bestaan en hoe hy wens hy kan God regtig vertrou. Met elke vraag maak hy meer oop. Op die ou einde kon ons gesels oor hoe moeilik dit is vir die mans van sy stam om swak genoeg te wees om God nodig te hê en ons kon praat oor wat mens mis as mens nie God vertrou nie. Ons kon praat oor arm-wees en hoe moeilik dit is en oor allerhande dinge wat sy hart beweeg. Tussen-in sê hy weer en weer: ´Ek het in my hele lewe nog mooit mense ontmoet waar God so voelbaar naby is soos by julle nie.' Na lank se gesels gaan ons tog slaap. Die volgende oggend, voor ons vertrek, kyk die man my in die oë en sê nogmaal hoe diep die aand hom geraak het. ´Ek gaan my Bybel lees – ek belowe.' Nog ´n ervaring wat ons nie sommer sal vergeet nie.

En dan, naby die einde, besoek ons my liewe broer. Hy verduidelik vir die groep wat God van ons wat het, verwag rondom ons houding teenoor ons geld. Hy gee beginsels deur en antwoord vrae oor armoede en rykdom. Aan die einde was dit die gesprek wat vir hulle ´n deurbraak was op baie maniere. Twee sinne het vasgesteek en het ons gesprekke die laaste dae rigting gegee: ´Ek is ryk. Ek het n verantwoordelikheid.' En hulle het begin wonder hoe hulle prakties dit kan toepas. Hulle het selfs daar en dan geld bymekaar gesit om nuwe matrasse vir die opleidingsbasis van OM moontlik te maak. Vir hulle was dit heeltemal nuut. Ek kon egter sien hoe ander gesprekke met ander mense, gedurende die reis, alreeds die grond voorberei het waarop die vrugbare saadjies kon val. En nou moet dit groei.

Ons laaste uurtjies het ons op die dak van OM se kantore in Pretoria deurgebring met ´n regte lekker braai. En toe is ons terug lughawe toe….

Dankie Here. Die toer was U verantwoordelikheid. Dankie dat ek kon saamgaan ☺.

En nou is ek terug by die huis. Ook hier werk God.

Donderdagaand het Tobias in Heilbronn by een van die spanne gepreek waarvoor hy verantwoordelik was. Aangesien dit vakansie was, het ons almal saamgegaan, gewapen met ´n appelkoek uit Huisgenoot se wenresepte en ´n preek. Xenos, ons span in Heilbronn, werk onder die immigrante wat daar woon. Die kerkdiens is altyd op ´n Donderdag omdat baie immigrante oor die naweek in skofwerk vasgevang is. Donderdae het hulle tyd. Dit begin amptelik om 18:00. Die mense kom aan en ´n halfuur later is hulle reg vir die erediens. Daar word gesing in Duits, Engels, Turks en Arabies. Daarna preek Tobias. Sy preek word in Engels en Arabies vertaal – daarna van Engels weer in Persies. Dit gons ordentlik soos daar gepreek word. Na die preek is aandete. Al die kos word uitgepak, die kinders eerste, dan die vrouens en dan die mans. Ek land by ´n tafel met ´n pragtige vroutjie en haar twee kinders. Hy is ´n moslem van Afghanistan. Twee jaar gelede het sy en haar gesin na Duitsland gevlug en hier om asiel aansoek gedoen. Die laaste strooi was toe hulle Mulla van die moskee begin om haar kinders (nou 9 en 12) te oortuig om selfmoordbomdraers te word. Sy en die kinders is in Duitsland ingeneem, haar man nie. Dit was egter belangriker vir hulle om hul kinders uit die situasie te kry, as om bymekaar te wees en so het die familie versplinter. Sy het in Duitsland gebly met die kinders en hy is weer weg. Na twee jaar in ´n huis vir asielaansoekers, het sy ´n maand terug haar eie woonstel gekry in ´n nuwe stad wat sy glad nie ken nie. Sy het niks nie. Nie ´n bed of duvet of ´n tafel nie - niks nie. En sy mag nog nie werk nie – eers as sy Duits vlot kan praat. Haar kinders is pragtig en gelukkig. Sy self is ´n verpleegster en regtig pragtig.

Ons het so lekker gesels. En nou dat ek ons huis opruim vir die groot trek, pak ek bokse vol goed vir haar. En ek vra rond vir meubels. En ek wonder: hoe is dit om in ´n wildvreemde land waar mens nie eers die taal of godsdiens of kultuur ken nie, weer oor te begin? Hoe is dit om skielik enkelouer te wees? Stoksielalleen? Die vakansie was besonders grys en koud. Sy het nie geld gehad om die kinders na flieks en dinge te vat nie. Toe hoor sy van Xenos wat kinderprogramme en kafees in die week aanbied en sy begin kom – al is dit christelik, sy gee nie om nie. Solank sy nie meer alleen in haar leë woonstel hoef te sit nie. Ek bid vir haar. Ek weet sy is reg vir meer – ook geestelik. Sy weet dit nog net nie.

In ons laaste nuusbrief het ek vertel van ons skuif. Ek het egter vergeet om ´n datum by te skryf. Ons trek gedurende Augustus en sal vanaf September met ons nuwe werk en lewe begin. Ons het ´n woonstel gekry wat in ons behoeftes voorsien en waarmee ons baie tevrede is. Nou is ons nuwe gebedsversoek: dat ons ons huis aan die regte mense sal verhuur. Ons wil so graag hê dat die huis nog steeds vir God ´n ligbaken sal wees. Bid asb saam dat ons die regte huurders sal kry.

Ons ander gebedsversoek: Tobias het tans twee werke. Vir sy werk as Personeelkonsultant vir Oos-Europa het ons al ´n plaasvervanger gekry. Vir sy rol as hoof van evangelisasie in Duitsland, nog nie. Bid asb saam dat God die posisie sal vul. Drie mense wat gevra is, het nee gese. Dit is egter essensieël dat die posisie gevul word.

Vandag kom Ilana terug van die skool vir middagete. Sy was wit en het nie ´n eetlus nie. En toe kom die storie en die trane. In Duits moes hulle ´n fliek kyk waarin kinders in die tweede wêreldoorlog geleer word hoe om ander kinders te skiet. En hoe die wat dit nie kon hanteer nie, selfmoord gepleeg het deur onder ys in te duik en seker te maak hulle kon nie weer opkom nie. Alles grafies eksplisiet uitgebeeld. Ilana was grys. Siek tot in die diepste van haar wese. Nou vra ek: wat is die pedagogiese waarde daarvan vir die Duitse les (tema: hoe om ´n storie te skryf)? Ai tog. Bid asb verder vir ons kinders se beskerming. Hoe kan iemand sulke dinge aan ´n klas vol 12-jariges wys? Na ´n uur se hartsnikke is sy terug skool toe vir die res van haar skooldag. En toe begin ek wonder: hoe kan ek die juffrou vertel wat dit aan my kind gedoen het – so dat sy dit sal hoor?

Goed, vir eers genoeg. My tee is op en dit is tyd om ons lenteklere uit die kelder te haal en te was. Want hopelik kan ons hulle binnekort aantrek!

Baie liefde

Tobias en Sandra Menges met Annelie, Ilana en Liesl.